



Dow AgroSciences

# QUELEX™ 200 WG



HERBICIDE

REG. NO. L10759 ACT/WET NO. 36/1947

A WATER DISPERSIBLE GRANULE HERBICIDE FOR SELECTIVE EARLY POST-EMERGENCE BROADLEAF WEED CONTROL IN WHEAT IN THE WESTERN CAPE AND THE SUMMER RAINFALL REGION.

'N WATERDISPERGEERBARE KORREL ONKRUIDDODER VIR SELEKTIEWE VROEË NA-OPKOMS BEHEER VAN BREËBLAARONKRUIDE IN KORING IN DIE WESKAAP EN DIE SOMERREËNVAL GEBIED.

HERBICIDE GROUP CODES

O & B

ONKRUIDDODER GROEPKODES

ACTIVE INGREDIENTS/AKTIEWE BESTANDDELE

Halauxifen-methyl (Pyridine Compound)..... 100 g/kg	.....	Halauxifen-metiel (Piridienverbinding) (suurekwivalent)
Florasulam (Triazolopyrimidine) .....	100 g/kg	..... Florasulam (Triazolopirimidien)

NET MASS ..... g ..... NETTO MASSA

REGISTERED BY / GEREGISTREER DEUR:  
DOW AGROSCIENCES SOUTHERN AFRICA (PTY) LTD/ (EDMS) BPK

REG. NO. 1967/007147/07

Maxwell Office Park, Magwa Building, Ground Floor  
Magwa Crescent, Waterfall City  
MIDRAND, 1686 South Africa

™Trademark of/Handelsmerk van Dow AgroSciences

Batch No. ....



Lot No. ....

Date of Manufacture .....

Datum van Vervaardiging

UN NO : 3077

Poisons Helpline: +27(0)861-555-777  
Griffon Poison Information Centre: +27(0)82-446-8946  
Local Emergency No: +27(0)82 895 0621 (SA only)  
24 Hour Emergency Tel No: +32 3 575 55 55  
Information Hotline Tel No: +27 (012) 683-5700

QUELEX™ 200 WG/2019-11-15



CAUTION  
VERSIGTIG



## WARNINGS

**Wheat - Allow 42 days between application and grazing by livestock.**

Store in a cool, dry place.

Store away from food, feedstuff, seeds, and other agricultural chemicals.

Store out of reach of children, uninformed persons and animals.

May cause severe eye irritation.

May cause skin irritation.

**RE-ENTRY INTERVAL:** Do not enter treated area until spray deposit has dried unless wearing protective clothing.

***Although this remedy has been extensively tested under a large variety of conditions the registration holder does not warrant that it will be efficacious under all conditions because the action and effect thereof may be affected by factors such as abnormal soil, climatic and storage conditions; quality of dilution water, compatibility with other substances not indicated on the label and the occurrence of resistance of weeds against the remedy concerned as well as by the method, time and accuracy of application. The registration holder furthermore does not accept responsibility for damage to crops, vegetation, the environment or harm to man or animal or for lack of performance of the remedy concerned due to failure of the user to follow the label instructions or to the occurrence of conditions which could not have been foreseen in terms of the registration. Consult the supplier or registration holder in the event of any uncertainty.***

## PRECAUTIONS

Do not inhale the spray mist.

Avoid eye and skin contact.

Wash contaminated clothing after use.

Wash with soap and water after use.

Do not eat, drink or smoke whilst mixing or applying the product or before washing hands and face.

Avoid drift or spray onto other crops, grazing, rivers, dams and areas not under treatment.

Clean applicator thoroughly after use and ensure that all traces of **QUELEX™ 200 WG** are removed (See sprayer clean-up).

Rinse empty container three times with a volume of water equal to a minimum of 10 % of that of the container. Add the rinse water to the contents of the spray tank before destroying the container in the prescribed manner.

Prevent contamination of food, feeds, drinking water and eating utensils.

Destroy empty container in a safe manner and do not re-use it for any other purpose.

## SYMPTOMS OF HUMAN OVER EXPOSURE:

May cause severe eye irritation and corneal injury.

Prolonged contact may cause moderate skin irritation with local redness.

Prolonged skin contact is unlikely to result in absorption of harmful amounts.

## **FIRST AID MEASURES:**

Never give fluids or induce vomiting if patient is unconscious or is having convulsions.

### **Ingestion:**

Do not induce vomiting. Call a physician. The decision of whether to induce vomiting or not should be made by a physician.

### **Eye contact:**

Flush eyes thoroughly with water for 15 to 20 minutes. Remove contact lenses after initial 1-2 minutes and continue flushing for several additional minutes. If effects occur, consult a physician, preferably an ophthalmologist.

### **Skin Contact:**

Immediately wash skin with soap and plenty of water. Remove contaminated clothing. Wash contaminated clothing before reuse.

### **Inhalation:**

Remove to fresh air. Consult a physician.

## **NOTE TO PHYSICIAN:**

There is no specific antidote. Supportive care. Treatment based on judgment of physician in response to symptoms of patient.

## **RESISTANCE PREVENTION AND MANAGEMENT**

**QUELEX™ 200 WG** is a mixture of a systemic auxin-type herbicide (Group O) and an ALS (**AcetoLactate Synthase**) enzyme inhibitor-type herbicide (Group B). The product controls weeds by disrupting normal plant growth patterns and/or by inhibiting production of the enzyme essential for production of certain amino acids needed for normal plant growth.

Since **QUELEX™ 200 WG** has two different modes of action, resistance is less likely to develop than in the case of certain other herbicide groups. However, some naturally occurring weed biotypes resistant to **QUELEX™ 200 WG** herbicide and other herbicides that are either systemic auxin-type herbicides or ALS inhibitors may exist through normal genetic variability in any weed population. The resistant individuals can eventually dominate the weed population if herbicides with the same mode of action are used repeatedly. These resistant weeds will not be controlled by **QUELEX™ 200 WG** herbicide or other systemic auxin-type or ALS inhibitors.

## **TO DELAY THE SELECTION OF RESISTANT WEEDS**

- ❖ Integrate tillage, crop rotation or mechanical control methods (including non-selective herbicides) during the fallow period into weed control programs whenever practical.
- ❖ Avoid exclusive repeated use of herbicides from the same mode of action group. Plan crop rotations to allow use of herbicides from different mode of action groups.
- ❖ Maintain herbicide use records for each field.
- ❖ Prevent movement of resistant weed seeds and vegetative material to other fields by cleaning harvesting and tillage equipment and planting clean seed.

- ❖ When grazing, begin with fields with the least weed resistance before moving to fields with high resistance due to the possibility of animals spreading the seed.
- ❖ Inspect all fields annually to identify the development of resistance early.

For further advice on the prevention of herbicide resistance contact your Dow AgroSciences representative.

In the case where the above-mentioned measures are not followed, Dow AgroSciences will not be liable for any damage which may occur if **QUELEX™ 200 WG** does not control resistant weeds.

## USE RESTRICTIONS

Do not apply **QUELEX™ 200 WG** to cereals undersown with legumes.

Do not apply **QUELEX™ 200 WG** to crops that are stressed by severe weather conditions, drought, water-logging, nutrient deficiency, disease, insect damage or carry-over herbicide residues.

Applications should be delayed if the crop is under stressed conditions, such as cold weather, heavy rain or when the risk of freezing temperatures is forecast within the next few days.

Apply the product strictly in accordance with the application directions.

Do not contaminate any water body e.g. dams, rivers, boreholes, etc.

**QUELEX™ 200 WG** should only be applied ONCE per season.

## MINIMUM RE-CROPPING INTERVAL AND CROP ROTATION GUIDELINES

The minimum re-cropping interval includes the time of last application of **QUELEX™ 200 WG** to the anticipated date of replanting. The intervals specified below will only be valid if favourable soil moisture and temperature conditions prevail to promote more rapid breakdown of **QUELEX™ 200 WG** by microbial activity. Abnormally dry and/or cold conditions may result in slower degradation.

Careful consideration should be given to crop rotation plans prior to using **QUELEX™ 200 WG**.

To avoid injury to subsequent crops the following re-cropping intervals should be observed:

Following crops	Waiting periods
Barley, oats, wheat	1 month
Cotton, maize, potatoes, sorghum, sunflowers	5 months
Canola, lupines, peas	9 months
Cotton, dry beans, groundnuts, soybeans	14 months

For all other crops – replanting interval of at least **24 months** has to be observed preceded by a test planting. Test strips of the desired rotational crop should be planted and monitored during germination and emergence for any abnormal growth to determine if the rotational crop can be grown successfully.

## CROP FAILURE

In the event of crop failure – after a crop has been treated with **QUELEX™ 200 WG**, it is possible to plant cereals one (1) month after the application. In this case soil must be ploughed first before planting a succeeding crop.

## SOME BROADLEAF WEEDS NORMALLY CONTROLLED BY QUELEX™ 200 WG:

<i>Arctotheca calendula</i>	Cape weed
<i>Chenopodium album</i>	White goosefoot
<i>Cotula turbinata</i>	Goose-daisy
<i>Emex australis</i> **	Spiny Emex
<i>Erodium moschatum</i> **	Musk heron's bill
<i>Fumaria officinalis</i>	Fumitory
<i>Malva parviflora</i>	Small mallow
<i>Medicago</i> spp	Clovers
<i>Polygonum aviculare</i> **	Prostrate knotweed
<i>Polygonum convolvulus</i> **	Climbing knotweed
<i>Raphanus raphanistrum</i> ***	Wild radish
<i>Stellaria media</i> ***	Chickweed

\*\*Variable control may be expected.

\*\*\*Where ALS resistant *Raphanus raphanistrum* and *Stellaria media* occur, poor control can be expected.

## NOTES:

1. **QUELEX™ 200 WG** controls certain weed species as listed above. Other annual broadleaf weed species that were not present during the development trials may possibly also be controlled to a certain degree. The registration holder does not accept any responsibility for weeds not listed.
2. **QUELEX™ 200 WG** spray applications alone will not control weeds which have not yet emerged at the time of spraying.

**DIRECTIONS FOR USE: Use only as directed.**

## **GENERAL INFORMATION**

**QUELEX™ 200 WG** is a water dispersible granular herbicide for selective early post-emergence control of broadleaf weeds as listed in the Western Cape and the Summer rainfall region.

**QUELEX™ 200 WG** must be mixed with clean water and applied as a uniform broadcast spray by means of ground application.

**QUELEX™ 200 WG** must be applied early post-emergence, to the main flush of actively growing broadleaf weeds. Warm, moist growing conditions promote active weed growth and enhance the activity of **QUELEX™ 200 WG** by allowing maximum foliar uptake and activity.

Weeds hardened off by cold weather or drought stress may not be adequately controlled or suppressed and re-growth may occur. For best results, ensure thorough spray coverage of target weeds. **QUELEX™ 200 WG** should be applied prior to crop growth reaching a density, which would inhibit effective coverage of the weeds.

For expanded spectrum broadleaf weed control **QUELEX™ 200 WG** must be applied to young weeds at the seedling stage but before they are beyond the 6-leaf stage. Weeds should also be actively growing under moist conditions. Weeds under drought stress may be less susceptible.

**QUELEX™ 200 WG** inhibits growth of susceptible weeds. Visible symptoms of dying plants may occur within 2-4 weeks under ideal growing conditions and up to 6-8 weeks under adverse conditions (prolonged periods of extremes in temperature or moisture).

## **NOTE:**

- (i) **WHERE ONE OF THE ABOVE PRODUCTS IS USED IN A TANK MIXTURE WITH QUELEX™ 200 WG, FULL DETAILS FROM THE RELEVANT LABEL MUST BE OBTAINED AND ADHERED TO.**
- (ii) The compatibility of **QUELEX™ 200 WG** in tank mixtures with recommended products may be influenced by the formulation of these products. The quality of the water may also have an effect on these tank mixtures. Since the formulation of other products may change without the knowledge of Dow AgroSciences Southern Africa (Pty) Ltd and the quality of water may vary from farm to farm, a physical compatibility test should always be carried out prior to application. Dow AgroSciences Southern Africa (Pty) Ltd does not accept any responsibility for the crop tolerance of these tank mixtures where the formulation of products has changed or for mixtures with products not listed above.

Consult your local representative for details.

## MIXING INSTRUCTIONS

**QUELEX™ 200 WG** is a water dispersible granule that is easily dissolved in water if the following mixing procedures are implemented:

- Fill the spray tank up to a quarter- to half-full with clean water.
- Start the agitation.
- **QUELEX™ 200 WG** should always be pre-mixed with water to form a slurry. Add the required quantity of **QUELEX™ 200 WG** to a bucket of water, stir immediately until the granules are dispersed and add the prepared **QUELEX™ 200 WG** slurry directly to the quarter- to half-full spray tank of water.
- Rinse container used for pre-mixing and add rinse water to spray tank.
- Add then the required amount of any complementary herbicide needed.
- Continue agitation while topping up the spray tank with water until the final volume has been obtained.
- Thoroughly re-agitate before re-using if a stoppage of spraying operations should occur for some reason.

## GROUND APPLICATION

**QUELEX™ 200 WG** on its own can be applied with any medium or high volume sprayer equipment with an efficient agitation mechanism which is capable of adequate coverage and even distribution. Best results are obtained using flat fan-type spray nozzles and applying a minimum spray volume of 200 litres water per hectare.

Weeds that are screened off by other weeds or the crop may result in variable control due to insufficient coverage. When timing the application of **QUELEX™ 200 WG** this aspect must be considered. Best results are obtained from applications made to young, actively growing seedlings (2-6 leaf). Only weeds emerged at the time of treatment will be controlled.

**QUELEX™ 200 WG** is rainfast within 1 hour of application.

CROP	RATE/HA	REMARKS
WHEAT	50 g QUELEX™ 200 WG	<p>Ensure that information listed under "DIRECTIONS FOR USE" is adhered to.</p> <p>Apply between 2-leaf stage and end of tillering of the crop when weeds are small and actively growing (2-6 leaf).</p> <p>Ensure thorough coverage of weeds to achieve effective control. Weeds screened off by a dense stand of the crop and/or other weeds causing inhibited spray coverage, may be poorly controlled. Consider this aspect when deciding on spray application timing. Weeds germinating after application of <b>QUELEX™ 200 WG</b> will not be controlled as this product has no strong soil residual activity.</p>
<p><b>NOTE:</b></p> <p>The activity of <b>QUELEX™ 200 WG</b> increases the consistency of control of susceptible weeds across varied environmental conditions.</p>		

Degree of control obtained and duration of effect depend on weed species, weed size, growing conditions at and following the period of application.

## SPRAYER CLEANUP

To prevent any damage to subsequent crops, other than cereals, all traces of **QUELEX™ 200 WG** must be removed from the mixing and spraying equipment. Proceed as follows:

- a) The spray tank should be drained immediately after spraying crops. Wash any contamination off the outside of the sprayer with clean water.
- b) The inside of the spray tank should be rinsed with clean water and flushed with at least one tenth of the spray tank volume through the hoses and nozzles. Drain the tank completely.
- c) Half-fill the tank with clean water and add the correct quantity of cleaning agent. Per 100 litres of final tank volume, add 350 ml household ammonia (9.5 % ammonia) to the water, e.g. in the case of a 1 000 litres spray tank, fill with 500 litres water and add 3.5 litres (= 10 x 0.35 L) household ammonia. The initial solution now prepared, which is double strength, should be mixed thoroughly by turning on the agitation. This solution is used for flushing the hoses and nozzles for approximately 1 minute. The remainder is then filled up to the final volume of the spray tank and allowed to stand for 15 minutes with the agitation running. After 15 minutes have elapsed, flush the boom and hoses again and drain the tank completely.



- d) Remove the nozzles and filters and allow to soak in a bucket containing 40 ml of household ammonia per 10 litres of water.
- e) Rinse the tank again with water and flush at least one tenth of the tank volume through the boom and hoses.
- f) Dispose of the wash water safely. Do not spray onto sensitive crops or land intended for planting with sensitive crops.

#### Precautions with spray clean-up

- Do not inhale the vapour of the cleaning agents.
- Avoid contact with eyes and skin.
- In case of contact with eyes and skin immediately rinse with plenty of water and seek medical advice.
- Keep out of reach of children, uninformed persons and animals.
- Keep cleaning agents only in original containers.

### **STORAGE AND DISPOSAL**

#### Storage conditions

Store away from sun and damp, in original tightly closed containers, in a well-ventilated area apart from food and feed under lock and key. Avoid storage above 35 °C.

#### Product and container disposal

Do not re-use empty containers for any other purpose, especially not for storing water, food or feed.

Dispose of surplus product and empty containers in an industrial incinerator approved for pesticides. Do not bury in or spray onto any area under agricultural use. Empty containers well, rinse several times with water and pour rinse solution in the spray tank.

<p style="text-align: center;"><b>Local Emergency No: +27(0)82 895 0621 (SA only)</b> <b>24 Hour Emergency Tel No: +32 3 575 55 55</b> <b>Information Hotline Tel No: +27 (012) 683-5700</b></p>
--

© Dow AgroSciences LLC. All unauthorized reproduction of this label is forbidden.

## WAARSKUWINGS

### Koring - Laat 42 dae verloop tussen toediening en beweiding deur vee.

Berg in 'n koel, droë plek.

Berg weg van voedsel, voer, saad en enige ander landbouchemikalieë.

Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.

Mag erge oogirritasie veroorsaak.

Mag velirritasie veroorsaak.

**HERBETREDING:** Moet nie behandelde gebied betree alvorens die spuitneerslag droog is nie, tensy beskermende oorklere gedra word.

***Alhoewel hierdie middel omvattend onder 'n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie aangesien die werking en effek daarvan beïnvloed kan word deur faktore soos abnormale grond-, klimaats- en bergingstoestande; kwaliteit van verdunningswater, verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui is nie en die voorkoms van weerstand van onkruid teen die betrokke middel sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei, die omgewing of vir nadelige effek op mens of dier of vir 'n gebrek aan prestasie van die betrokke middel as gevolg van die versuim van die gebruiker om etiketaanwysings na te kom of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer of registrasiehouer in die geval van enige onsekerheid.***

## VOORSORGMAATREËLS

Moet nie die spuitnewel inasem nie.

Vermý kontak met oë en vel.

Was besoedelde klere na gebruik.

Was met seep en water na gebruik.

Moet nie eet, drink of rook tydens vermenging of toediening van die produk of voordat hande en gesig gewas is nie.

Vermý spuitnewel op ander gewasse, weiveld, riviere, damme en plekke wat nie behandel moet word nie.

Maak toedieningsapparaat skoon na gebruik en maak seker dat alle tekens van **QUELEX™ 200 WG** verwyder is (Lees skoonmaak van spuit).

Spoel leë houer drie keer uit met 'n volume water gelykstaande aan 'n minimum van 10 % van die houer. Gooi die spoelwater by die inhoud van die spuitenk voordat die houer op die voorgeskrewe wyse vernietig word.

Voorkom die besoedeling van voedsel, voer, drinkwater en eetgerei.

Vernietig leë houers op 'n veilige manier en moet vir geen ander doel hergebruik nie.

## **SIMPTOME VAN ERGE MENSLIKE BLOOTSTELLING**

Mag ernstige oogirritasie en horingvliesskade tot gevolg hê.  
Langdurige kontak mag gematigde velirritasie met plaaslike rooiheid veroorsaak.  
Langdurige velkontak sal onwaarskynlik absorpsie van skadelike hoeveelhede tot gevolg hê.

## **NOODHULPBEHANDELING:**

### **Inname:**

Indien pasiënt bewusteloos is of stuiptrekkings het, moet geen vloeistowwe gee of braking teweeg bring nie.

Ontbied 'n geneesheer. Die besluit om braking teweeg te bring of nie, moet deur 'n geneesheer geneem word.

**Oogkontak:** Spoel oë deeglik met water vir 15-20 minute. Verwyder kontaklense na aanvanklike 1-2 minute en spoel vir nog etlike minute. Indien nagevolge voorkom, moet 'n geneesheer geraadpleeg word, en verkieslik 'n oogarts.

### **Velkontak:**

Spoel vel dadelik met seep en baie water. Verwyder besoedelde klere. Was besoedelde klere voor hergebruik.

### **Inaseming:**

Verwyder pasiënt dadelik na vars lug. Raadpleeg 'n geneesheer.

## **NOTA AAN GENEESHEER:**

Daar is geen spesifieke teenmiddel nie. Behandel simptome en ondersteunend in reagering op reaksies van pasiënt.

## **WEERSTANDSVOORKOMING EN -BESTUUR**

**QUELEX™ 200 WG** is 'n samestelling van 'n sistemiese ouksien-tipe onkruidodder (Groep O) en 'n onkruidodder wat die ALS (**AcetoLactate Synthase**) ensiem inhibering as metode van werking het (Groep B). Die produk onderbreek normale plantegroei en/of inhibeer die produksie van die ensiem wat noodsaaklik is vir die produksie van sekere aminosure vir normale plantegroei.

Aangesien **QUELEX™ 200 WG** twee tipes metodes van werking het, sal weerstand heel moontlik vertraag word in vergelyking met ander onkruidoddergroepe, maar weens natuurlike genetiese variasie in enige onkruidpopulasie, mag sommige onkruidbiotipes wat in die natuur voorkom, weerstandbiedendheid toon teen **QUELEX™ 200 WG** of ander ouksien-tipe onkruidodders, asook ander onkruidodders wat die ALS ensiem inhibeer. Indien onkruidodders met dieselfde werkingswyse herhaaldelik gebruik word, kan hierdie weerstandbiedende individue uiteindelik die onkruidpopulasie domineer. Hierdie weerstandbiedende onkruid sal nie deur **QUELEX™ 200 WG** of ander ouksien-tipe onkruidodders of ALS inhibeerders beheer word nie.

## **BESTUURSAKSIES OM SELEKSIE VAN WEERSTANDBIEDENDE ONKRUIDE TE VERMINDER**

- ❖ Implementeer bewerkingspraktyke, wisselboustelsels of ander meganiese beheerstelsels (insluitende die gebruik van nie-selektiewe onkruidodders) waar prakties moontlik.
- ❖ Vermy die herhaalde gebruik van onkruidodders met dieselfde metode van werking. Beplan gewasrotasie sodat onkruidodders met verskillende metodes van werking gebruik word.
- ❖ Hou rekord van onkruidoddergebruik van elke land.
- ❖ Voorkom die verspreiding van weerstandbiedende saad asook vegetatiewe materiaal na ander lande deur gereelde skoonmaak van stropers en ploë en plant van onkruidvrye saad.
- ❖ Met beweiding, begin by lande met die minste onkruidweerstand voor beweging na lande met hoë weerstand om verspreiding van saad deur diere te verhoed.
- ❖ Onderzoek alle lande jaarliks om moontlike weerstand vroegtydig uit te ken.

Kontak u Dow AgroSciences verteenwoordiger vir verdere advies rakende die voorkoming van onkruidodder weerstandbiedendheid.

Indien bostaande maatreëls nie noudeset nagekom word nie, kan Dow AgroSciences geen aanspreeklikheid aanvaar ten opsigte van enige verlies wat mag ontstaan indien **QUELEX™ 200 WG** nie weerstandbiedende onkruid beheer nie.

## **GEBRUIKSBEPERKINGS**

Moet nie **QUELEX™ 200 WG** toedien op kleingraan ondergesaai met peulgewasse nie.

Moet nie **QUELEX™ 200 WG** toedien op gewasse wat onder stremming verkeer a.g.v. strawwe weerstoestande, droogte, versuiping, nutriënt tekort siekte, insekbeskadiging of onkruidodderoordraging nie.

Toedienings moet uitgestel word indien die gewas onder strestoestande verkeer, soos koue weer, swaar reën of die risiko van ysige temperature voorspel word binne die volgende paar dae.

Dien die produk streng volgens die gebruiksaanwysings toe.

Moet nie enige waterbronne besoedel nie bv. damme, riviere, boorgate, ens.

**QUELEX™ 200 WG** mag slegs EEN keer per seisoen toegedien word.

## **MINIMUM WAGPERIODES EN WISSELBOU-AANWYSINGS**

Die minimum wagperiode dui op die tydsverloop vanaf die laaste toediening van **QUELEX™ 200 WG** tot die verwagte tyd van aanplanting van 'n opvolggewas. Die intervalle hieronder gespesifiseer, sal slegs geldig wees indien gunstige grondvog- en temperatuurtoestande, wat versnelde afbraak van **QUELEX™ 200 WG** deur mikrobiële aktiwiteit bevorder, sou heers. Abnormale droë en/of koue toestande mag stadiger afbraak teweegbring.

Deeglike oorweging moet gegee word aan wisselboubeplanning alvorens **QUELEX™ 200 WG** gebruik word.

Om skade aan opvolggewasse te voorkom, moet die volgende wagperiodes in ag geneem word:

Opvolggewasse	Wagperiodes
Gars, hawer, koring	1 maand
Aartappels, mielies, sorghum, sonneblomme	5 maande
Erte, kanola, lupiene	9 maande
Droëbone, grondbone, katoen, sojabone	14 maande

Om skade aan alle ander opvolggewasse te vermy, word 'n wagperiode van ten minste **24 maande** aanbeveel, voorafgegaan deur 'n toetsplanting. Toetsstrokke van die verlangde opvolggewas moet aangeplant word en tydens ontkieming en opkoms gekontroleer word vir enige abnormale groei om te bepaal of die opvolggewas suksesvol verbou kan word.

### GEWAS MISOES

In die geval van gewas misoes – nadat die gewas behandel is met **QUELEX™ 200 WG**, is dit moontlik om kleingraangewasse te plant een (1) maand na toediening. In die geval moet die grond eers geploeg word voordat die opvolggewas geplant word.

### SOMMIGE BREËBLAARONKRUIDE WAT NORMAALWEG DEUR QUELEX™ 200 WG BEHEER WORD:

<i>Arctotheca calendula</i>	Gousblom
<i>Chenopodium album</i>	Withondebossie
<i>Cotula turbinata</i>	Cotula
<i>Emex australis</i> **	Kaapse dubbeltjie
<i>Erodium moschatum</i> **	Turknael
<i>Fumaria officinalis</i>	Duiwekerwel
<i>Malva parviflora</i>	Kiesieblaar
<i>Medicago</i> spp	Klawers
<i>Polygonum aviculare</i> **	Koperdraadgras
<i>Polygonum convolvulus</i> **	Wildebokwiet
<i>Raphanus raphanistrum</i> ***	Ramnas
<i>Stellaria media</i> ***	Sterremuur

\*\* Wisselvallige beheer kan verwag word.

\*\*\* Waar ALS bestande **Raphanus raphanistrum** en **Stellaria media** voorkom, kan swak beheer verwag word.

## NOTAS:

1. **QUELEX™ 200 WG** beheer sekere onkruidspesies soos gelys hierbo. Ander eenjarige breëblaaronkruid wat nie tydens die ontwikkelingsproewe voorgekom het nie, kan ook moontlik tot 'n sekere mate beheer word. Die registrasiehouer aanvaar egter geen aanspreeklikheid ten opsigte van ongelyste onkruid nie.
2. **QUELEX™ 200 WG** bespuitings alleen of in tenkmengsels, sal nie onkruid beheer wat nog nie ten tye van die bespuiting opgekom het nie.

## GEBRUIKSAANWYSINGS: Gebruik slegs soos aangedui

### ALGEMENE INLIGTING

**QUELEX™ 200 WG** is 'n waterdispergeerbare korrel vir die selektiewe vroeë na-opkoms beheer van breëblaaronkruid, soos gelys in die Weskaap en Somerreëval gebied.

**QUELEX™ 200 WG** moet met skoon water gemeng word en as 'n eenvormige, breedwerpige grondbespuiting toegedien word.

**QUELEX™ 200 WG** moet as 'n vroeë na-opkomsbehandeling toegedien word op die jong en aktiefgroeiende breëblaar onkruid. Warm, vogtige omstandighede bevorder die groei van onkruid wat dan die blaaropname en effektiwiteit van **QUELEX™ 200 WG** verbeter.

Onkruid wat gehard is deur koue weer of droogtestres, kan lei tot onvoldoende beheer of onderdrukking en hergroei kan moontlik plaasvind. Vir beste resultate, verseker deeglike bedekking van die teikenonkruid. **QUELEX™ 200 WG** moet toegedien word voordat die gewas te dig word en doeltreffende bedekking van die onkruid beperk.

Om die maksimum beheer van breëblaaronkruid te verkry, dien **QUELEX™ 200 WG** toe saam met aanbevole onkruiddoders (soos gelys onder "VERENIGBAARHEID"), op jong onkruid in die saailingstadium, maar voor hulle verby die 6-blaar stadium gaan. Onkruid moet aktief onder vogtige toestande groei. Onkruid wat onder droogtestremming verkeer, mag minder gevoelig wees.

**QUELEX™ 200 WG** inhibeer die groei van gevoelige onkruid. Sigbare simptome van dooiende plante wys binne 2-4 weke onder ideale omstandighede. Onder ongunstige omstandighede, sal simptome sigbaar wees tot en met 6-8 weke (verlengde periodes van uiterste temperature of vog).

## **NOTAS:**

- (i) **WAAR EEN VAN DIE BOGENOEMDE PRODUKTE MET QUELEX™ 200 WG IN 'N TENKMENGSSEL GEBRUIK WORD, MOET VOLLEDIGE INLIGTING VAN DIE BETROKKE ETIKET VERKRY EN NAGEVOLG WORD.**
- (ii) Die verenigbaarheid van **QUELEX™ 200 WG** in tenkmengsels met aanbevole produkte, kan beïnvloed word deur die formulاسie van hierdie produkte. Die kwaliteit van die water kan ook 'n effek hê op hierdie tenkmengsels. Aangesien die formulاسie van ander produkte kan verander sonder die medewete van Dow AgroSciences Southern Africa (Edms) Bpk en die kwaliteit van die water ook van plaas tot plaas kan varieer, moet 'n fisiese verenigbaarheidstoets altyd uitgevoer word voordat dit gespuit word. Dow AgroSciences Southern Africa (Edms) Bpk aanvaar geen verantwoordelikheid vir gewas verdraagsaamheid van hierdie tenkmengsels waar die formulاسie van produkte verander het of vir mengsels met produkte wat nie hierbo genoem word nie.

Vir verdere inligting, raadpleeg u plaaslike verteenwoordiger.

## **MENGINSTRUKSIES**

**QUELEX™ 200 WG** is 'n waterdispergeerbare korrel wat maklik met water meng indien die volgende vermengingsinstruksies nagekom word:

- Vul die spuittenk kwart tot halfvol met skoon water.
- Begin die roering.
- **QUELEX™ 200 WG** moet vooraf met water gemeng word om 'n bry (*slurry*) te vorm. Voeg die verlangde hoeveelheid **QUELEX™ 200 WG** in 'n emmer water en roer totdat al die korrels opgelos het. Voeg die voorbereide **QUELEX™ 200 WG** bry (*slurry*) direk by die spuittenk wat kwart tot halfvol met water gevul is.
- Spoel houer gebruik vir voorafvermenging en voeg spoelwater tot die spuittenk by.
- Voeg die nodige hoeveelheid van aanbevole komplementêre onkruidodders by soos benodig.
- Vul die tenk verder met water tot die verlangde volume in die spuittenk bereik word.
- **SURFER™** moet laaste by die spuitmengsel gevoeg word teen die aanbevole dosis soos op die etiket aangedui.
- Die spuitmengsel moet tydens vermenging en toediening voortdurend deeglik in roering gehou word.
- Tenkmengsels moet onmiddellik uitgespuit word en nie toegelaat word om in die spuittenk te staan nie aangesien die effektiwiteit mag afneem vanweë produkafbraak.
- Roer deeglik voor hergebruik as daar 'n onderbreking is tydens die toedieningsproses vir watter rede ookal.

## GRONDTOEDIENING

**QUELEX™ 200 WG** alleen kan toegedien word met enige medium- of hoëvolume spuittoerusting wat met 'n doeltreffende roermeganisme toegerus is en wat goeie bedekking en eweredige verspreiding verseker. Die beste resultate word verkry deur van platwaaerspuitpunte gebruik te maak en 'n minimum spuitvolume van 200 liter water per hektaar toe te dien.

Onkruid wat deur ander onkruid of die gewas afgeskerm word, mag onvolledig bedek word en tot wisselvallige resultate aanleiding gee. Dit moet deeglik in ag geneem word by die tydsberekening van die toediening. Vir optimale beheer, moet die onkruid in die jong, aktief groeiende stadium (2-6 blaar) gespuit word. Slegs onkruid wat teenwoordig is tydens die toedieningsproses, sal beheer word.

**QUELEX™ 200 WG** is reënvas binne 1 uur na toediening.

GEWAS	DOSIS/HA	AANMERKINGS
KORING	50 g <b>QUELEX™ 200 WG</b>	<p>Verseker dat inligting onder "GEBRUIKSAANWYSINGS" gevolg word.</p> <p>Dien toe tussen die 2-blaar en einde van stoelstadium van gewas en wanneer die onkruid in die aktief groeiende saailing stadium is (2-6 blaar).</p> <p>Verseker deeglike bedekking van onkruid om effektiewe beheer te verkry. Waar onkruid deur 'n digte stand van die gewas en/of ander onkruid afgeskerm word, kan dit onvoldoende sproeibedekking veroorsaak met daaropvolgende swak onkruidbeheer. Neem hierdie aspek in ag wanneer daar op die spuittoedieningstyd besluit word. Onkruid wat na die toediening van <b>QUELEX™ 200 WG</b> ontkiem, sal nie beheer word nie, aangesien hierdie produk oor geen sterk grond residuele nawerking beskik nie.</p>
<p><b>NOTA:</b> Die aktiwiteit van <b>QUELEX™ 200 WG</b> word dit lewer meer konstante beheer van vatbare onkruid onder verskeie omgewingstoestande. sal ook effektiwiteit teen alle onkruid wat matig vatbaar is, verbeter.</p>		

Graad van beheer verkry en die duurte van die effek hang af van die onkruidspesie, onkruidgrootte en groeitoestande gedurende en na die toediening.



## SKOONMAAK VAN SPUIT

Om daaropvolgende skade aan gewasse anders as kleingraan te vermy, moet alle residue van **QUELEX™ 200 WG** direk na toediening, deeglik vanuit die meng- en spuittoerusting verwyder word. Gaan soos volg te werk:

- a) Dreineer die spuitsisteen onmiddellik na bespuiting van gewas. Was enige kontaminasie van die buitekant van die tenk af met skoon water.
- b) Spoel die binneoppervlak van die tenk met skoon water. Spuit ten minste een tiende van die tenk se kapasiteit deur die pype en spuitpunte. Dreineer die tenk deeglik.
- c) Maak die tenk half vol met skoon water en voeg die korrekte hoeveelheid skoonmaakmiddel by. Vir elke 100 liter van die finale tenk volume, voeg 350 ml huishoudelike ammoniak (9.5 % ammoniak), in die water. (bv. in die geval van 'n 1 000 liter spuitenk, vul dit met 500 liter water en voeg 3.5 liter (= 10 x 0.35 L) huishoudelike ammoniak by).

Die oorspronklike mengsel, wat nou dubbel-sterkte is, moet deeglik geroer word en deur die pype en spuitpunte vir ongeveer 1 minuut gespoel word.

Voeg dan water by die oorblywende mengsel tot die tenk vol is. Laat hierdie mengsel 15 minute in die tenk staan terwyl roering plaasvind. Na die verloop van 15 minute, spuit weer deur die pype en spuitpunte. Dreineer die tenk deeglik.

- d) Verwyder spuitpunte en siwwe en plaas in 'n emmer wat 40 ml huishoudelike ammoniak per 10 liter water bevat.
- e) Spoel die tenk weer deeglik uit met skoon water. Spuit ten minste een tiende van die tenk se kapasiteit deur die pype en spuitpunte.
- f) Spuit alle spoelwater veilig weg. Moet nie op sensitiewe gewasse of op lande bedoel vir die plant van sensitiewe gewasse, spuit nie.

### Voorsorgmaatreëls met skoonmaak van spuit

- Moet nie die dampe van die skoonmaakmiddel inasem nie.
- Vermy kontak met oë en vel.
- In geval van kontak met oë en vel, spoel onmiddellik met genoegsame water en verkry mediese raad.
- Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.
- Hou skoonmaakmiddels slegs in die oorspronklike houers.

## **BERGING EN VERNIETIGING**

### Bergingstoestand

Berg weg van sonlig en vogtigheid, in oorsponklike houers wat dig toegemaak is, in 'n goed geventileerde area, weg van kos en voer agter slot en grendel. Vermy berging bo 35 °C.

### Produk -en houervernietiging

Moet nie die houers her-gebruik vir enige ander doel nie, veral nie vir die stoor van water, kos en voer nie.

Vernietiging van oortollige produk en leë houers moet geskied deur 'n industriële verbrandingsoond wat vir chemikalieë goedgekeur is. Moet dit nie begrawe of spuit op enige gebied wat onder landboukundige gebruik is nie. Leë houers moet deeglik met skoonwater uitgespoel word. Gooi hierna die spoeloplossing in die spuittenk.

**Plaaslike Noodgeval No: +27(0)82 895 0621 (SA alleenlik)**  
**24 Uur Noodgeval No: +32 3 575 55 55**  
**Inligtingsnommer: +27(0)12 683-5700**

© Dow AgroSciences LLC. Alle ongemagtigde reproduksie van hierdie etiket word verbied.